Graad 6 Musiek: Week 8: Afrika instrumente

i. Julle het in ’n vorige graad van aerofone, idiofone, membranofone en chordofone geleer. Kortliks:

a. Aerofoon: ’n Blaasinstrument; klank word geproduseer deur lug (die primêre vibrasie medium) wat deur die instrument geblaas word en daardeur vibreer; bekende voorbeelde: fluit, klarinet, trompet.

b. Idiofoon: ’n Instrument wat gemaak word van ’n soliede resonante materiaal (bv. hout, metaal, steen); klank word geproduseer deur vibrasies wat onstaan deur die instrument te slaan, vryf, pluk of blaas; bekende voorbeelde: klok; ratel; xylofoon.

c. Membranofoon: ’n Instrument wat met ’n gestrekte membraan, soos ’n diervel, bedek is; klank word geproduseer deur vribrasies wat onstaan deur op die oppervlak van die instrument te slaan/vryf of om daarin te sing; bekende voorbeelde: enige trom.

d. Chordofoon: ’n Instrument met snare; klank word geproduseer deur gestrekte snare te pluk, stryk of slaan; bekende voorbeeld: viool, klavier, harp.

* Inligting verkry vanaf Merriam-Webster.com en Britannica.com.

ii. Die volgende afdeling gee voorbeelde van Afrika instrumente in die verskeie kategorieë. Al die beelde is verkry vanuit *The Illustrated Encyclopedia of Musical Instruments* (Abrahev & Gadjev, 2000:16-34).

a. Voorbeelde van Afrika instrumente wat aerofone is:

Bo: Seinhoring met syopeninge, Suid-Afrika.

Onder: Ombgwe, ’n Suid-Afrikaanse fluit.

Heel links: Hout fluit, Nigerië.

Tweede van links: kalbas-en-hout trompet, Afrika.

Video skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=jPCzyt4DKJM

b. Voorbeelde van Afrika instrumente wat idiofone is:

Van links na regs: Cabaza van kalbas gemaak, Nigerië; houtklok, Afrika; houtklok, Gabon; kalbas ratels.

Video skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=tfdvFkJOFBA

c. Voorbeelde van Afrika instrumente wat membranofone is:

Van links na regs: Mukupiela trom; groot vatvormige dubbelkoppige houttrommel, Nigerië; Isibugo, Suid-Afrikaanse trom.

Video skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=EdnIFU8i1hY

d. Voorbeelde van Afrika instrumente wat chordofone is:

Heel bo: Totombito, Kongo. Tweede van bo: Wiegvormige Afrika-siter.

Tweede van regs: Pluriarc. Heel regs: Twee valihas (multi-snaar bamboesbuis-sitere).

Video skakel:

https://www.youtube.com/watch?v=bZ7_6wentf8

Bonus videos

Hier is die skakel na ’n hulpvaardige “playlist” van hoe om Afrika tromme te bespeel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLLALQuK1NDriLbqidWbTYavxdFAAxAMVo

Twee skakels wat wys hoe om die djembe as ’n beginner te bespeel:

https://www.youtube.com/watch?v=q5U8md4rZS8

https://www.youtube.com/watch?v=nuQFbD43P4k

(N.S. Onthou om voortdurend julle strekoefeninge te doen.)